Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Direktoraat: Kurrikulum AOO
**Almaret Du Toit**
Almaret.Dutoit@westerncape.gov.za | Tel.: 021 467 2172

Lêerno.: 12/2/11/3
Verwysing: 20211214-8793

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0002/2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs vir die Grondslagfase, Prinsipale en Departementele Hoofde van gewone openbare skole

**Onderwerp: Riglyne vir Grondslagfase-onderwysers**

1. Die doel van hierdie minuut is om leiding te gee oor die proses om die kurrikulum van die Grondslagfase in 2022 te herstel.

2. COVID-19 het ongekende ontwrigting aan onderwysstelsels dwarsdeur die wêreld veroorsaak. Een van die gevolge daarvan was verminderde tyd vir onderrig en leer, wat aansienlike leerverliese oor vakke en grade heen tot gevolg gehad het. Om die impak van COVID-19 te verminder, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement 'n veeljarige benadering tot die herstel van die kurrikulum aanvaar.

3. Aangesien die Grondslagfase die basis lê vir alle verdere onderrig en leer, het die senior kurrikulumbeplanners vir die Grondslagfase te Hoofkantoor riglyne vir onderwysers saamgestel om hulle te help om leerverliese in te haal. Kyk Bylae A.

4. Hierdie minuut dien om skole in kennis te stel dat hulle Grondslagfase-onderwysers toegang tot hierdie riglyne via die e-Portaal by https://wcedeportal.co.za/eresource/208926 kan verkry. Dit kan ook verkry word deur die volgende VR-kode te skandeer:

5. Die riglyne sal in 2022 gedurende kwartaal 1 via Microsoft Teams met onderwysers behandel word.

6. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle Grondslagfase-onderwysers by hulle skole te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2022-01-13